GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2017

NASIEN RIGLYNE

AFRIKAANS EAT V2 (10022)

35 bladsye

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

AFRIKAANS
(Eerste Addisionele Taal) Vraestel 2

MEMORANDUM

INHOUDSOPGAWE

Kandidate kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN

Kandidate beantwoord slegs EEN vraag.

VRAAGNOMMER	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. *Kringe in ŉ Bos*	35	4
2. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*	35	8
3. *Meeulanders*	35	12
4. Lien se lankstaanskoene	35	15

AFDELING B: DRAMA

Kandidate beantwoord slegs EEN vraag.

5. *Poppie – die drama*	35	18
6. *Paljas*	35	21
7. *Fiela se kind*	35	25

AFDELING C: KORTVERHALE

Kandidate beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.

8. "Rot in ŉ val"	18	28
EN		
"Oom Dries se sorge met Jantjie"	17	29

AFDELING D: GEDIGTE

Kandidate beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.

9. "Huiskat"	18	32
EN		
"Die nuwe kind"	17	33

NASIENRIGLYNE

- Kandidate moet instruksies uitvoer soos in die vraestel uiteengesit. Slegs die eerste twee vrae in ’n kandidaat se antwoordeboek word nagesien. Indien ’n kandidaat twee vrae uit AFDELING A beantwoord het, word slegs die eerste vraag nagesien en die res van die vrae word doodgetrek.

- Sou ’n kandidaat twee vrae uit AFDELING A en dan ’n ander vraag uit enige ander afdeling beantwoord het, bly die beginsel van die eerste twee vrae word nagesien gehandhaaf; derhalwe sal die kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ’n streep word deur die tweede vraag getrek.

- As ’n kandidaat by ’n vraag twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Sien met ander woorde die eerste antwoord na.

- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.

- As ’n spelfout die betekenis van die woord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.

- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees. Woorde mag nie ingevoeg of uitgelaat word nie.

- As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

- By oop vrae verdien die rede / motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA / NEE / EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA / NEE / EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE insluit / impliseer nie. As JA / NEE gestel is, moet motivering daarby aansluit om die punt te verdien.

- Indien die kandidaat antwoorde gee met Engelse woorde in, druk die woord toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na.

AFDELING A: ROMAN

VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.1	Saul wou goud gaan • uitwas. • uithaal. (Enige EEN)	(1)	3
1.2	Saul het 'n (vreemde) gevoel van **bevryding** ervaar (Of soortgelyk)	(1)	1
1.3	Toe hy vir MacDonald gewerk het	(1)	1
1.4	• Kate het tot 'n hoër klas mense behoort. • Kate was onbereikbaar. • MacDonald het Saul verbied om met Kate te praat. • Kate was baie jonk. • Kate was baie onskuldig. (Enige TWEE of soortgelyk)	(2)	3
1.5	realisties	(1)	2
1.6	• Kate sou saam met ander dorpenaars vir die houtkappers lag. • Kate sou ook dink sy is beter as die houtkappers. • Kate sou die houtkappers ook verneder / op die houtkappers neersien. (Enige TWEE of soortgelyk)	(2)	3
1.7.1	• C • Saul se broer • C Saul se broer (Enige EEN)	(1)	2
1.7.2	• A • Een van die bosvrouens • A Een van die bosvrouens (Enige EEN)	(1)	2
1.7.3	• B • Die hoofkarakter • B Die hoofkarakter (Enige EEN)	(1)	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.7.4	• E • Een van die houtkappers • E Een van die houtkappers (Enige EEN)	(1)	2
1.8	• Saul sou nie meer saam met sy pa-hulle gaan hout kap nie. • Saul sou hom nie so laat verneder nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	1
1.9.1	Groot Eiland	(1)	2
1.9.2	• Saul se pa-hulle het naby genoeg aan die plek in die bos gewoon waar hulle hout gekap het. • (Saul se pa-hulle wou nie graag in die Bos slaap nie,) omdat hulle bang vir Oupoot was.	(1)	3
1.10	Die derdepersoonsverteller • weet wat al die karakters dink en doen. • kan ŉ breër perspektief van alle gebeure en karakters gee. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
1.11	Nee. • Ek wil graag hê my broers moet my ordentlik groet. • Dit sou aandui dat daar iets (tussen ons) verkeerd is. **OF** Ja. • Ek gee nie om of my broers my met die hand groet of nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
1.12	Kate	(1)	1
1.13.1	• Ongelukkig / Kwaad • Hartseer / Ontsteld • Verwerp / Dat hy nie meer Joram se seun is nie / Dat Joram die naelstring geknip het (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
1.13.2	Joram sou nie • meer hout kon kap nie. • vir sy gesin kon sorg nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.14	Ja. • Die boswagters het baie mag / invloed gehad. • Die boswagters kon die lewe vir Joram-hulle moeilik maak. • Joram het voorheen al ’n os moes verkoop omdat hy geglo het Saul het vir Harison vertel het van tande wat onder die hout weggesteek is. **OF** Nee. • Dit het nie meer vir Joram saak gemaak nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
1.15	Maska • was die skakel tussen Saul en Oupoot. • het Saul gehelp om sy gevoelens vir / hartseer oor Oupoot te verwerk. • het sy jaggeweer vir Saul geleen (om Oupoot mee te skiet). • het vir Saul verduidelik hoe die Bos gewerk het. • het nuus (oor sy pa / broers) vir Saul gebring. • wou hê Saul en Jozef moes vrede maak. • was Saul se hart-broer. • het ’n belangrike rol in Saul se lewe gespeel. • was daar in die moeilike tye in Saul se lewe / toe Saul se pa hom weggejaag het. (Enige DRIE of soortgelyk)	(3)	3
1.16	Die goewerment het die houtkappers bedrieg / manipuleer / probeer beheer / Saul hierdeur te beheer. (Of soortgelyk)	(1)	2
1.17	• D • die eienaar van die goud was en die wette neergelê het. • D die eienaar van die goud was en die wette neergelê het. (Enige EEN)	(1)	2
1.18	Die houtkopers wou nie hê die houtkappers moet goud delf nie, want • die houkopers sou dan nie meer beheer oor die houtkappers hê nie. • die houtkopers sou dan nie hout uit die bos kry nie. • die houtkappers moes nie op ’n ander manier geld kan verdien nie. (Enige TWEE of soortgelyk)	(2)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.19	Saul kon nie sy pa-hulle gerusstel dat • hy hulle nie in die moeilikheid sou laat beland nie. • hy vir niemand sou sê dat hy Joram se seun was nie. • hulle nie hulle liksens sou verloor nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
1.20	Nee. • Saul sou nie iets doen om sy pa-hulle te benadeel nie. • Saul sou nie wou hê dat Joram sy houtlisensie moet verloor nie. • Saul sou nie sy pa in die moeilikheid bring nie. **OF** Ja. • Saul wou sy pa-hulle terugbetaal omdat hulle sy bestaan ontken. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
1.21	• Saul wou wegbreek van al die negatiewe dinge in sy lewe. • Saul wou voortgaan met sy lewe sonder dat iets hom terughou. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
1.22	• Saul het gesê dat die gebied waar hy delf die olifante se broeiplek is. • Saul het ’n beeshoring gekoop. / Saul het met ’n beeshoring en Arend se talent die delwers weggehou. • Saul sou met ’n helse lawaai deur die bos breek en skree dat ’n trop koeie hom jaag. (Enige TWEE)	(2)	(2)
1.23	• B • achronologies • B achronologies (Enige EEN)	(1)	3
1.24	• Praat oor julle probleme. • Aanvaar mekaar. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
		[35]	

VRAAG 2: ***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM*** **– Marita van der Vyver**

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
2.1	Hanna (Hoekom)	(1)	3
2.2.1	Botterberg	(1)	1
2.2.2	• Beyers se vriend het die huis vir die gesin aangebied. • Die huis was verniet. • Die gesin kon daar bly vir so lank as wat hulle wou. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2
2.3	Hanna was verveeld.	(1)	3
2.4	negatief	(1)	3
2.5	Hanna hoef nie met haar gesin te gepraat / gekommunikeer het nie. (Of soortgelyk)	(1)	4
2.6	• A • in spesifieke dinge geïnteresseerd was. • A in spesifieke dinge geïnteresseerd was. (Enige EEN)	(1)	3
2.7	• D • boek lees • D boek lees (Enige EEN)	(1)	2
2.8	• Sharon het gedink dat Hanna se gesinslewe opwindend was. • Sharon wou ’n deel / stukkie van die vreemde wittebrood saam met Hanna ervaar. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2
2.9	• Mana sou die gesin nie elke aand kon dwing om te maak of hulle ’n gesin uit ’n vorige eeu was nie. • Mana sou die gesin nie kon dwing om elke aand iets saam te doen nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
2.10	• Hanna was deel van ’n saamgestelde gesin. • Sharon is die enigste kind (van haar (ryk) pa en ma). **OF** • Hanna se ouers het nie ’n vaste werk nie. • Sharon se ouers het goeie werk. (Enige EEN vir een punt elk)	(2)	3
2.11	Hanna het besef • ’n mens moenie iemand anders oordeel oor hoe hulle lyk nie. • voorkoms is nie belangrik nie. • met ander oë na haar gesin gekyk. • dat Sharon weet van armoede / eenvoud. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
2.12.1	• eerstepersoonsverteller • ek-verteller (Enige EEN)	(1)	3
2.12.2	• Dit maak die verhaal persoonlik. • Die verhaal word uit Hanna se oogpunt vertel. • Hanna se emosies / gevoelens word die beste beskryf. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
2.13	• Mana maak dikwels / altyd / amper altyd sop. • Gavin is gewoond daaraan dat Mana sop maak. • (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
2.14	• Mana het graag sop gemaak. • Mana kon nie lekker kos maak nie. (Enige EEN)	(1)	3
2.15	Gavin was ’n • radio-omroeper. • televisie-aanbieder. • voorleser by kunstefeeste. • seremoniemeester (by sakekonferensie). (Enige DRIE)	(3)	2
2.16.1	• C • Beyers • C Beyers (Enige EEN)	(1)	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
2.16.2	• E • Gavin • E Gavin (Enige EEN)	(1)	2
2.16.3	• B • Yann • B Yann (Enige EEN)	(1)	2
2.16.4	• D • Tibo • D Tibo (Enige EEN)	(1)	2
2.17	Hanna wou Gavin vra of hulle die fees / verjaarsdag tot volgende jaar kon uitstel.	(1)	2
2.18	Hanna het nie gehou van • slangvelbroeke nie. • strepe in haar hare nie. • ringe in haar naeltjie / wenkbroue / enige plek op haar lyf / vingers nie. • Hanna was nie so "trendy" nie. (Enige TWEE)	(2)	3
2.19	Gavin het Hanna "'n fabulous creature" / perfek genoem.	(1)	3
2.20	sterk karakter	(1)	4
2.21	Margot het • net bottelwater / warm kookwater gedrink. • Margot het nie spek / eiers / rooivleis geëet nie. • Margot het net vitamienpille / groen slaai geëet. (Enige EEN)	(1)	2
2.22	Margot • was ’n ouerige aërobiese instruktrise. • het al in flieks deel van ’n skare gespeel. • se naam het nog nie op ’n rolprentskerm gepryk nie. (Enige EEN)	(1)	3
2.23	• Hanna het meer presente as gewoonlik gekry. • Hanna se pa was vir die eerste keer by haar verjaarsdag. • Hanna het ’n spesiale ete gehad. (Enige TWEE)	(2)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
2.24	• Aanvaar jou gesin. • Bloedbande is belangrik. • Pas by jou gesin aan. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
2.25	Ja. • Margot moes aan haar toekoms bou. • Margot moes ’n werk hê. **OF** Nee. • Margot se kinders het haar nodig gehad. • ’n Ma kan nie net haar kinders los nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
		[35]	

***VRAAG 3: MEEULANDERS* – Esta Steyn**

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
3.1.1	Na Ryna se dagboekinskrywing	(1)	2
3.1.2	Ek-verteller / Eerstepersoonsverteller	(1)	3
3.2	• Ryna het nog nooit voorheen brode gebak nie. • Dit was die eerste keer wat Ryna brood gebak het. (Enige EEN)	(1)	2
3.3	• Die wyfie is nie aggressief nie. • Die wyfie het twee verskillende kuikens (’n duiker en ’n malgas) gehad. (Enige EEN)	(1)	3
3.4	Kinnie / Jannerik se dogter is dood aan maaggriep.	(1)	2
3.5	• Ousanna Siener het die slegte tyding saam met ’n kind (strandlangs) gestuur tot by Matthys se seegrasspan. • Mathys het die boodskap vir Hansie gegee. • Hansie het Meeuland geskakel en met Elsabet gepraat.	(3)	2
3.6	Ja. • Ryna se kind is ook oorlede. • Ryna ken die hartseer van verlies. **OF** Nee. • Ryna het Jannerik nie so goed geken nie. • Ryna het nie vir Kinnie geken nie. (Enige EEN)	(1)	4
3.7	(Veronika (Kuiper)	(1)	2
3.8.1	• B • is Jacob se vrou. • B is Jacob se vrou. (Enige EEN)	(1)	2
3.8.2	• A • is Jacob se pa. • A is Jacob se pa. (Enige EEN)	(1)	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
3.8.3	• D • help vir Jacob op Meeuland. • D help vir Jacob op Meeuland. (Enige EEN)	(1)	2
3.8.4	• C • is Jannerik se suster. • C is Jannerik se suster. (Enige EEN)	(1)	2
3.9	Jacob was ’n koue / gevoellose mens.	(1)	4
3.10	• Twilight het ’n gewas in haar baarmoeder gehad. • Twilight sou nie weer babas kon hê nie. (Enige EEN)	(1)	2
3.11	Ryna en Jannerik se seer wat sou regkom.	(1)	3
3.12	Skalla het Janka in die rug geskiet.	(1)	2
3.13	• D • die pikkewyn wat Ryna vir Janka gemaak het. • D die pikkewyn wat Ryna vir Janka gemaak het. (Enige EEN)	(1)	2
3.14	Pikkie-Dikkie het Janka getroos omdat haar ma en pa en Ryna nie saam met haar kon wees nie.	(1)	3
3.15.1	Jakob en die "Kaapse kêrel" het ... • aanklank bymekaar gevind. • lekker (oor voëls) gesels. (Enige EEN)	(1)	2
3.15.2	Die Kaapse kêrel / Professor Van Keulen • het gesorg dat Ryna haar boek op Meeuland kon gaan skryf. • was die enigste persoon wat Ryna se verlede geken het. • was Ryna se baas. • het Ryna ’n kans gegee om te gaan herstel na haar tragedie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
3.16	Die Kaapse kêrel het vertel dat Ryna se • regte naam Camilla was. • man en seun in ’n brand gesterf het.	(2)	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
3.17	Jacob het Skalla doodgesteek.	(1)	2
3.18.1	Fred Blanckenberg	(1)	1
3.18.2	Fred het Jacob se • borgtog betaal. • prokureur betaal. (Enige EEN)	(1)	2
3.19	Fred was Janka se biologiese pa.	(1)	3
3.20	• Janka is daardie aand verlam weens die skoot in haar rug. • Jacob het Skalla vermoor. • Jacob het tronkstraf gekry. (Enige EEN)	(1)	3
3.21	• Ryna het vir Elsabet belowe dat sy na Janka sou kyk. • Ryna was deel van die babas se omruiling. • Ryna het sleg gevoel omdat sy nooit vir Elsabet gesê het dat Janka nie haar kind was nie. (Enige EEN)	(1)	3
3.22.1	• Skalla het vir Fred aan sy verhoudings met ander vroue herinner. • Skalla het Fred daarop gewys dat hy nie mooi met Elsabet gemaak het nie.	(2)	3
3.22.2	• Skalla was jammer dat hy Janka geskiet het. • Skalla en sy pa het versoen geraak. (Enige EEN)	(1)	4
3.23	besorgdheid vir	(1)	3
3.24	• Liefde maak swaarkry makliker. • Tyd genees wonde. • Dis nie goed om geheime te hê nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
		[35]	

VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
4.1	Lien Jooste	(1)	1
4.2	Afrikaansonderwyseres	(1)	2
4.3.1	drama	(1)	1
4.3.2	Ja. • Niemand het Lien se omstandighede verstaan nie. • Die druk het nie minder geword nie. **OF** Nee. • Die mense het niks aan Lien of Lien se omstandighede gedoen om haar kwaad te maak nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
4.4	Juffrou Breytenbach het Lien oortuig om drama te gaan studeer.	(1)	4
4.5	Lien se beste vriend was Wouter (en hy was ook ’n leerling in die skool).	(1)	3
4.6	Lien • was bang mense sou die waarheid uitvind oor wat by haar huis aangegaan het. • was skaam oor haar ma wat ’n alkoholis was. • wou nie hê iemand moes weet hulle het gesukkel nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
4.7	• D • bang was dat mense die waarheid oor haar gesin sou uitvind. • D bang was dat mense die waarheid oor haar gesin sou uitvind. (Enige EEN)	(1)	2
4.8	• Lien het gevoel dat dit nie die juffrou se plek was om haar in te roep en met haar te praat nie. • Lien was bang dat die juffrou uitgevind het wat by die huis aangegaan het. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2
4.9	Kinders kon Lien gespot het (indien juffrou Breytenbach vir iemand sou vertel).	(1)	4

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
4.10	• alkoholisme / drank • Lien se ma was verslaaf aan drank / alkohol. • Lien se pa was in die tronk vir bedrog / ’n misdaad wat hy gepleeg het. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
4.11	By die Departement van Binnelandse Sake	(1)	1
4.12	• Lien se ma kon moontlik haar werk verloor. • Die gesin sou in groot finansiële moeilikheid wees. • Daar sou nie iemand wees om vir hulle te sorg nie. (Enige TWEE of soortgelyk)	(1)	3
4.13	• Lien en een van die werkers / Agnes het teen mekaar vasgeloop. • Die skinkbord met breekgoed het stukkend geval. • Die twee moes ’n paar dae sonder betaling werk om hulle skuld af te betaal. • Lien het gesê sy kom nie weer terug nie / sou die geld bring wanneer sy dit het. (Enige TWEE)	(2)	3
4.14.1	figuurlik	(1)	3
4.14.2	• Lien se ma was weer dronk. • Die kleur geel simboliseer ook die kleur van haar ma se vel as gevolg van haar drinkery. (Enige EEN)	(1)	3
4.15.1	Tibbey	(1)	1
4.15.2	• Tibbey het gestaan en bedel. • ’n Motor het Tibbey raakgery. • Altwee Tibbey se bene het baie seergekry. • Tibbey se bene moes afgesit word. (Enige DRIE)	(3)	2
4.16.1	Lien se pa	(1)	1
4.16.2	Lien se pa was in die tronk (nadat hy bedrog / ’n misdaad in sy besigheid gepleeg het).	(1)	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
4.17	Hein	(1)	1
4.18	Lien het • (met Hein se hulp) vir Tibbey ’n oprit by sy kamer gebou. • gereël dat daar ’n bankie voor die toilet en die wasbak sou kom (sodat hy gemaklik oor die weg kon kom). • vir Tibbey kos in sy kas gelos. • gereël dat sy Tibbey die volgende dag sou kom haal vir werk. (Enige TWEE of soortgelyk)	(2)	2
4.19	• Lien het nog nie vrede met haar ma / haar ma se probleem gemaak nie. • Lien was nog nie reg om haar ma se drankprobleem te bespreek nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2
4.20.1	• C • Tannie Bets • C Tannie Bets (Enige EEN)	(1)	2
4.20.2	• E • Tibbey • E Tibbey (Enige EEN)	(1)	2
4.20.3	• B • Roos • B Roos (Enige EEN)	(1)	2
4.20.4	• A • Wouter • A Wouter (Enige EEN)	(1)	2
4.21	• D • gesukkel het om haar nuwe leefstyl te verwerk. • D gesukkel het om haar nuwe leefstyl te verwerk. (Enige EEN)	(1)	2
4.22	• Lien kon haar ma en haar pa vergewe. • Lien het weer gelag / was gelukkig. • Die gesin was weer saam aan die einde van die verhaal. • Die naspel in die verhaal is van ’n gelukkige gesin. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
4.23	• hartseer • bekommerd • bang / angstig (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
4.24	Dit vertel die leser meer oor wat in die hoofstuk gaan gebeur. (Of soortgelyk)	(1) **[35]**	4
	TOTAAL AFDELING A:	**35**	

AFDELING B: DRAMA

VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotze

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
5.1	• Stone • Poppie se man • Bonsile se pa (Enige EEN)	(1)	2
5.2.1	• Bonsile wou by sy pa bly. • Daar was nie 'n rede waarom hy moes weggaan nie.	(2)	1
5.2.2	• Bonsile kon skoolgaan. • Bonsile kon nie by sy pa bly nie. • Volgens Poppie was die woonkwartiere te rof. (Enige EEN)	(1)	2
5.3	• A • bekommerd oor • A bekommerd oor (Enige EEN)	(1)	2
5.4	nie baie vriende in Mdantsane gehad nie	(1)	1
5.5	Ja. • Stone was • Die medisyne het Stone swakker gemaak. • 'n Regte dokter het met Stone geraas oor die kruiedokter se medisyne. **OF** Nee. • Stone was alreeds baie siek / swak / uitgeput. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
5.6	Dit was ou klere.	(1)	3
5.7	• D • al sy geld op sy familie spandeer het. • D al sy geld op sy familie spandeer het. (Enige EEN)	(1)	2
5.8.1	• D • Poppie • D Poppie (Enige EEN)	(1)	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
5.8.2	• C • Jakkie • C Jakkie (Enige EEN)	(1)	2
5.8.3	• E • Bonsile • E Bonsile (Enige EEN)	(1)	2
5.8.4	• C • Pasbeampte • C Pasbeampte (Enige EEN)	(1)	2
5.9.1	Daar was nie geld (in Oos-Londen) nie.	(1)	2
5.9.2	Poppie het besluit om sonder pas in die Kaap te gaan werk.	(1)	2
5.10	Ja. • Die huwelik met Stone het haar probleme met ’n pas veroorsaak. • Nadat Poppie met Stone getrou het, kon sy nie op haar ma se huiskaart gesit word nie. **OF** Nee. • Almal het gesukkel om passe of werkspapiere te kry. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
5.11	• Dit is toneelaanwysings. • Dit dui handeling aan. • Dit sê vir die akteurs wat om te doen. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
5.12	Jakkie	(1)	1
5.13	• Die polisie wou hê dat die city borners moeilikheid moes kry. • Verdeeldheid sou die city borners swakker gemaak het. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
5.14	Mama het geglo dat God die ouers se gebede verhoor het.	(1)	2
5.15	comrades	(1)	4

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
5.16	Die kinders het ook in opstand gekom teen die ou wette / oor al die ou goed / die swaarkry waardeur hulle ouers gegaan het.	(1)	3
5.17	Die grootmense hou nie van die migrants nie.	(1)	3
5.18	• Poppie het verkies om in vrede te lewe. • Jakkie was opstandig / aggressief.	(2)	3
5.19	• Die sosio-ekonomiese toestande het Jakkie so gefrustreer dat hy aggressief geword het. • Jakkie het 'n polisieman geskiet. (Enige EEN)	(1)	3
5.20	• Die grootmense het teen die paswette geveg. • Die grootmense het die opstande gelei. • Die optogte was nie gewelddadig nie. • Die mense het nie teen mekaar baklei nie. (Enige DRIE)	(3)	2
5.21	nie die ouer mense gerespekteer het nie	(1)	2
5.22	Ja. • Die kinders het geweet dat hulle toekoms ook sou verbeter. • Die kinders se ouers het aan hulle verduidelik waarom hulle nie geskenke gekry het nie. **OF** Nee. • Kinders kan nie verstaan dat hulle toekoms hierdeur gaan verbeter nie. • Geskenke is belangrik vir kinders. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
5.23.1	Poppie het kerk toe gegaan.	(1)	3
5.23.2	Vukile	(1)	2
5.24	• Poppie se kinders moes nou verder baklei. • Poppie het haar by die wil van die Here berus. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
5.25	• Die dramaturg gebruik Engelse woorde. • Die dramaturg skryf in die dialek van die mense. (Enige EEN)	(1) **[35]**	5

VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
6.1	• Die leser vorm 'n visuele voorstelling van die ruimte. • Die leser verstaan dat 'n olifant nie in hierdie uitbeelding pas nie. (Enige EEN)	(1)	4
6.2	Willem het nie gepraat nie.	(1)	2
6.3	Die verkleiningsvorm skep die indruk dat Willem • jonk is. • kinderlik onskuldig is. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
6.4	Uniondale	(1)	1
6.5	• Dit is 'n angstoestand. • Willem het geskrik vir iets. • Willem het iets gesien wat hy nie kon verwerk nie. • Willem was ongelukkig. (Enige DRIE)	(3)	2
6.6.1	• Dit het Willem selfvertroue gegee. • Dit sou Willem gelukkig maak. • Dit het die nar gehelp om Willem se vertroue te wen. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
6.6.2	Willem en die nar het • toertjies gedoen. • geteken. • musiek gemaak (op die konsertina). • gemaak asof hulle hoenders / eende was. • hoendertaal / eendetaal gepraat. (Enige TWEE of soortgelyk)	(2)	3
6.7	• C • tydsverloop • C tydsverloop (Enige EEN)	(1)	3
6.8.1	• C • Dorp • C Dorp (Enige EEN)	(1)	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
6.8.2	• D • Stoep • D Stoep (Enige EEN)	(1)	2
6.8.3	• A • Skuur • A Skuur (Enige EEN)	(1)	2
6.8.4	• B • Kerk • B Kerk (Enige EEN)	(1)	2
6.9	• Die nar was Willem se geheim. • Die nar was Willem se (spesiale) maat. • Willem wou die nar vir homself hou. • Willem was bekommerd oor hul reaksie teenoor die nar. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
6.10	Die nar het • nooit vir Willem gevra om te praat nie. • voorgestel dat Willem sy naam skryf. • dieretaal met Willem gepraat. • Willem se aandag getrek deur vir hom te fluit. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
6.11	Ja. • Die diere vermaak die toeskouers. **OF** Nee. • Dit is wreed om wilde diere in hokke aan te hou. • Die diere word dikwels sleg behandel. • Diere moet toegelaat word om in hul natuurlike habitat te lewe. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
6.12.1	Manuel het teruggegaan sirkus toe.	(1)	2
6.12.2	• Die narrepak het op die wasgoeddraad gehang. • Jan Mol het gate in die narrepak geskiet.	(2)	2
6.13	nie te lank op een plek kan bly nie	(1)	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
6.14	• Manuel het Hendrik bedank vir alles wat die gesin vir hom gedoen het. • Manuel sou nie aangedaan geword het as hy net oor die sak dankbaar was nie. (Enige EEN)	(1)	3
6.15	Hendrik was nie negatief omdat Manuel ’n nar was / anders as hulle gelyk het nie.	(1)	3
6.16	• Dit is dikwels beter om te gee as om te ontvang. • Dit is lekker om te kan gee. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
6.17	Willem het geleer om • toertjies te doen. • konsertina te speel. (Enige EEN)	(1)	4
6.18.1	• Willem het met sy hande gewys / gebare gebruik om te kommunikeer. • Willem het geluide gemaak. (Enige EEN)	(1)	2
6.18.2	• Hendrik was nie ’n gewelddadige / wrede persoon nie. • Hendrik was ’n liefdevolle pa. • Hendrik sou nooit so optree nie. • Hendrik het altyd probeer om Willem te beskerm. • Hendrik wou net die beste vir sy kinders hê. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
6.19	• D • die McDonalds van die Volstruisdans weggejaag is. • D die McDonalds van die Volstruisdans weggejaag is. (Enige EEN)	(1)	3
6.20	Toe Willem ontsteld was nadat Hendrik en Katrien (oor die oorbelle) baklei het.	(1)	2
6.21	• Willem het weer begin praat. • Willem was gelukkig. • Willem het meer selfvertroue gekry. • Willem het Emma aangemoedig om weer klavier te speel. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
6.22	Die manier waarop Manuel met Willem gewerk het.	(1)	2
6.23	• Manuel het die sirkus gemis. • Die gemeenskap van Toorwater het hom nie aanvaar nie. • Die gesin / Willem het weer gekommunikeer. • Manuel het sy eie lewe gehad om te lei. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
6.24	Hendrik het die dorpsmense genooi om by hulle te kom kuier na die Volstruisdans (toe hulle om verskoning kom vra het).	(1)	2
6.25	Mense wat anders as die normale is, is onaanvaarbaar. (Of soortgelyk)	(1) **[35]**	4

VRAAG 7: FIELA SE KIND – Dalene Matthee

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
7.1	Elias was ŉ houtkapper.	(1)	2
7.2	Daar was baie digte mis daardie dag.	(1)	3
7.3	Langs die Gounarivier (tussen die opdrifsels)	(1)	2
7.4	ivoor in die hande te kry om aan die skepe te verkoop	(1)	2
7.5	• Elias het sy kinders slegs gesien as helpers op die balke. • Hy sien Nina as iemand wat kan geld inbring (sodat hy nie hoef te werk nie). • Elias het sy kinders fisies en emosioneel mishandel. • Hulle was brandarm (en het dikwels nie eers vleis gehad om te eet nie). • Hulle het in ŉ krothuisie in die Bos gewoon. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
7.6	Barta het toegelaat dat Elias haar kinders mishandel. (Of soortgelyk)	(1)	2
7.7	• Barta het hom verkeerdelik as haar seun in die magistraatskantoor uitgewys. • Bartha erken jare later dat sy die verkeerde seun geïdentifiseer het.	(2)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
7.8	Die Bos-omgewing was • altyd skemer (as gevolg van die hoë bome). • baie dig begroei. • gevaarlik, as gevolg van die olifante. • toweragtig. • klam. • gereeld baie mistig. • koud (in die winter). (Enige DRIE of soortgelyk)	(3)	2
7.9.1	• E • Fiela • E Fiela (Enige EEN)	(1)	3
7.9.2	• A • Nina • A Nina (Enige EEN)	(1)	3
7.9.3	• D • Dawid • D Dawid (Enige EEN)	(1)	3
7.9.4	• C • Kaliel • C Kaliel (Enige EEN)	(1)	3
7.10	Die uitsteltegniek (Of soortgelyk)	(1)	4
7.11	Die houtkappers kon Lukas / die kind nie vind nie.	(1)	3
7.12	• Ek sal bekommerd wees. • Ek sal nie die onsekerheid kan hanteer nie. • Ek sal baie hartseer wees. • Ek sal altyd bly wonder wat gebeur het. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
7.13	Die sensus(opname)	(1)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
7.14	• Die sensusopnemers • Die magistraat • Die konstabel (Enige EEN)	(1)	1
7.15	Ander mense het • niks van Benjamin se verlede geweet nie. • Benjamin by goeie ouers weggevat. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
7.16.1	Ja. • Benjamin het gevoel dat Fiela sy ma is. • Benjamin vertrou vir Fiela. **OF** Nee. • Fiela het nie die antwoord op hierdie vraag geken nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
7.16.2	Barta (van Rooyen)	(1)	1
7.17	• Benjamin se ma het hom weggegooi. • Die beskrywing is presies wat gebeur het. • Op ’n plaas gooi ’n ooi soms haar lammetjie weg. (Enige EEN of soortygelyk)	(1)	3
7.18	• C • terug te keer Lange Kloof toe. • C terug te keer Lange Kloof toe. (Enige EEN)	(1)	3
7.19	• A • dat hy verlief geraak het op sy suster, Nina van Rooyen. • A dat hy verlief geraak het op sy suster, Nina van Rooyen. (Enige EEN)	(1)	2
7.20.1	Ongeveer sewe (7) jaar	(1)	1
7.20.2	• ’n Mens kan nie sewe jaar van jou lewe net so vergeet nie. • Lukas het Nina ontmoet. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
7.21	Die Lange het (agter haar kom staan en) vir haar gesê dat dit die een met die blou hempie was.	(1)	1

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
7.22	Benjamin / Lukas	(1)	3
7.23.1	Benjamin het gevoel dat die grond eerder na Fiela se biologiese kinders moes gaan.	(1)	2
7.23.2	Fiela het die stuk grond op Benjamin se naam gesit dat hy • op sy eie kon aangaan. • hom nie vir Fiela hoef te skaam nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	s 1
7.24	Benjamin moes Nina • die waarheid vertel. • vertel wie hy was. • vertel hoe hy oor haar gevoel het. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
7.25	Rasse-vooroordeel	(1)	5
7.26	Benjamin het ’n sukses van sy lewe gemaak, ten spyte van baie swaarkry en terugslae. (Of soortgelyk)	(1)	4
		[35]	
	TOTAAL AFDELING B:	**35**	

AFDELING C: KORTVERHALE

SPIEËLBEELDE

VRAAG 8

"ROT IN 'N VAL" – H. du Plessis

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
8.1	Die huishulp	(1)	1
8.2.1	Penuel was • hartseer. • bekommerd oor Igundane. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
8.2.2	Kuku / Die kat kon Igundane vang.	(1)	2
8.3	Penuel hoef nie • (die troeteldiere) kos te gee nie. • (agter die troeteldiere aan) skoon te maak nie. (Enige EEN)	(1)	3
8.4	• afdelingswinkel • melkery • groentewinkel • slagter • bank / Autobank (Enige EEN)	(1)	2
8.5	Die werkers het die rot probeer doodmaak.	(1)	3
8.6	• Hulle woon buite in die nuwe voorstad. • Hulle woon in die voorstad waar die paaie nog nie geteer is nie. • Daar is min huise. • Die gesin het nie bure nie. • Dit is baie stil. (Enige EEN)	(1)	3
8.7	Groot Penuel was altyd bekommerd • oor Lerato se veiligheid. • dat Lerato iemand uit die straat sou inbring. • of Lerato die deure gesluit het. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
8.8.1	• C • Grace • C Grace (Enige EEN)	(1)	2
8.8.2	• A • Penuel • A Penuel (Enige EEN)	(1)	2
8.8.3	• B • Angelina • B Angelina (Enige EEN)	(1)	2
8.8.4	• E • Lerato • E Lerato (Enige EEN)	(1)	2
8.9	letterlik	(1)	3
8.10	Die kortverhaal gaan oor Lerato wat in haar eie huis aangeval / vasgekeer is. (Of soortgelyk)	(1)	4
8.11	• Lerato het nie van die rot gehou nie, • maar die rot het Lerato se held geword / haar lewe gered. (Of soortgelyk. IRONIE: Beide kante moet gestel word)	(2)	3
8.12	• Moenie enige persoon vertrou nie. • Hulp kan van onverwagte plekke af kom. • Mense se vrese kan die gevaarlikste skelm bang maak. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
"OOM DRIES SE SORGE MET JANTJIE" – Felicia Goosen			
8.13	• (Groot Dawid het losgebrand en) ’n wyfiebobbejaan doodgeskiet. • Oom Dries het Jantjie onder die wyfiebobbejaan (se pens) gekry.	(2)	2
8.14	Jantjie het (saans) by die Aga-stoof geslaap.	(1)	1

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
8.15	Jantjie het • verwoesting gesaai onder die ryp koejawels / elke koejawel gebyt (en só gelos) (of op die grond neergesmyt). • ook met die dadelpruime gemors. • met die hoendereiers teiken gegooi. • die plaaskatte doodgebyt. • een van die plaaskinders gebyt. • Sofie met die kosbak gegooi. (Enige DRIE)	(3)	2
8.16	• B • 'n sagte hart gehad het • B 'n sagte hart gehad het (Enige EEN)	(1)	3
8.17	Jantjie het die waterpyp **stukkend gebyt**.	(1)	2
8.18	• Jantjie het twee van oom Dries se vingers verskeur. • Oom Dries se twee vingers is afgesit. (Enige EEN)	(1)	3
8.19	• Oom Dries was lief vir Jantjie. • Die mense wou nie vir oom Dries seergemaak het nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
8.20.1	By die swaai	(1)	1
8.20.2	• Jantjie het graag geswaai. • Jantjie het baie tyd op die swaai deurgebring. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
8.21.1	Oom Dries wou Jantjie se karkas gaan soek om dit onder die boom by die swaai te begrawe.	(1)	2
8.21.2	Oom Thys wou gaan kyk het of • Jantjie se oorblyfsels regtig in die sloot gelê het. • die plaaswerkers Jantjie in die sloot gegooi het. (Enige EEN)	(1)	2
8.22	• alomteenwoordige verteller • derdepersoonsverteller (Enige EEN)	(1)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
8.23	Ja. Jantjie kon nie tot ruste gekom het nie. **OF** Nee. Daar is nie iets soos spoke nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
8.24	• C • plaas • C plaas (Enige EEN)	(1)	3
8.25	• 'n Wilde dier bly altyd wild / gevaarlik. • 'n Wilde dier kan nie mak gemaak word nie. • Moenie inmeng by die natuur nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1) **[35]**	4
	TOTAAL AFDELING C:	**35**	

AFDELING D: GEDIGTE

VERSKUNS

VRAAG 9

"HUISKAT" – Elizabeth Eybers

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
9.1	Italiaanse	(1)	3
9.2	• Dit maak die gedig universeel. • Die kat tree op soos baie ander huiskatte. • Die kat het nie ’n naam nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
9.3	• B • in die son gelë het. • B in die son gelê het. (Enige EEN)	(1)	3
9.4	• Die kat het nie ’n siel nie. • Die kat is anoniem	(2)	1
9.5.1	• B • metafoor • B metafoor (Enige EEN)	(1)	3
9.5.2	• A • personifikasie • A personifikasie (Enige EEN)	(1)	3
9.5.3	• D • enjambement • D enjambement (Enige EEN)	(1)	3
9.5.4	• C • vergelyking • C vergelyking (Enige EEN)	(1)	3
9.6	omarmde rym	(1)	3
9.7	’n Verduideliking volg	(1)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
9.8	• Die woorde is ’n verduideliking. • Dit is ’n inlassin. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
9.9	• Die titel is "Huiskat". • Die gedig gaan oor ’n huiskat.	(2)	4
9.10	behoedsaam	(1)	2
9.11	Deur die enjambement	(1)	3
9.12	• Sy kronkel by my (die spreker se) greep verby. • Die kat het weggeloop. (Enige EEN)	(1)	
9.13	• Die tipiese bewegings van ’n kat word beskryf. • Die gewoontes van ’n kat word beskryf. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	
"DIE NUWE KIND" – Pieter Strauss			
9.14	• Hector was nuut / ’n nuwe kind in die skool. • Dit was Hector se eerste jaar in die nuwe skool. (Enige EEN)	(1)	3
9.15	• Die (ander) skoolkinders • Hector se klasmaats (Enige EEN)	(1)	2
9.16	• Dit trek die leser se aandag. • Dit wil sê dat die kinders lief vir die meneer is. • Die kinders het die meneer as hulle eie beskou. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
9.17	kwatryn	(1)	3
9.18	Hector • het by die hare-reëls gehou. • was stil in die klas. • het sy broodjies uit Tupperware geëet, nes die ander kinders. (Enige EEN)	(1)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
9.19	Hector was • nie regtig ’n koningskind nie. • ’n spesiale kind. • ’n voorbeeldkind. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
9.20	• A • dit al was wat almal gebruik het. • A dit al was wat almal gebruik het. (Enige EEN)	(1)	3
9.21	Hector het onder ’n boom gaan sit.	(1)	2
9.22.1	Met die twee kommas	(1)	3
9.22.2	Hector het nie vriende gehad nie.	(1)	3
9.23	Hector het • na die kunsklas gegaan. • pragtig met sy pen geteken. • in sy verbeelding weggevaar / hom in sy verbeelding uitgeleef. • oor sy toekoms gedroom. (Enige DRIE)	(3)	2
9.24	Die kind ontsnap só / op hierdie manier van sy probleme.	(1)	4
9.25	Die ellips dui aan dat die kind se drome verder gaan. (Of soortgelyk)	(1)	4
9.26	Paarrym	(1)	3
9.27	Ja. • Dit was ’n nuwe ondervinding vir die kind gewees. **OF** Nee. • Die kind was alleen. • Die kind het uitgesluit gevoel. • Die kind het nie welkom gevoel nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1) **[35]**	4
	TOTAAL AFDELING D:	**35**	
	GROOTTOTAAL:	**70**	